No 1314 17 April 2016

# GEMEENTEBRIEF

Kol 2:14: "Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."

Gereformeerde Kerk
**Pretoria-Alkantrant**

**Webtuiste:** *www.gk-alkantrant.co.za* • **Facebook:** Gereformeerde Kerk Alkantrant **Predikant**: Ds. Dirk Kotzee: 079 305 3297, *dkotzee@gmail.com* • **Skriba:** Hennie Klopper: 082 578 1417, *hbklopper@webmail.co.za* **Administratiewe beampte:** Rina de Villiers: 081 599 2321, *pikkie.rina18@gmail.com* **Attes Skriba:** Tjaart vd Walt: 083 303 1275, mwnts@mweb.co.za;
*Bankbesonderhede: GK Alkantrant, ABSA rekeningnommer 540 340 404, Takkode: 334 745*

## Erediens

Baie welkom in die erediens. Mag die Here ons saamwees met Hom en met mekaar ryklik seën. Die eerste erediens vind plaas om 09:00 en die tweede om 10:30. Albei dienste sal gelei word deur Ds. Dirk Kotzee.

**EERSTE DIENS:**
**LEES:** Galasiërs 5: 13-26, Jakobus 2: 14-26
**TEKS:** Galasiërs 5: 25; Jakobus 2: 19 en 26
**TEMA:** Die Gees van God blaas lewe in 'n dooie dissipel.

**PREEKSKETS:**

Ons is besig met ons reeks oor dissipelskap. Laas week het ons gekyk na die betekenis van dissipel wees. Die week kyk ons na die belang van getrou wees aan Christus in my uitlewing van my geloof. Waarom dit belangrik is om 'n lewende dissipel te wees en nie tevrede te wees met dooie dissipel wees nie. As ons werklik kinders van God is, leef ons deur die Gees van God en daarom moet ons gedrag deur die Heilige Gees bepaal word. Dan is ons eers getroue getuies van die Hoop wat in ons leef!

**SING:**

1. Psalm 92:1
2. Psalm 146: 1 en 8
3. Psalm 19: 5 (Cloete)
4. Psalm 84: 1 en 2
5. SB 8-3
6. SB 13-3

**TWEEDE DIENS:**
**LEES:** Rom. 8: 31-39
**TEKS:** Rom. 8: 38-39, HBK Sondag 1
**TEMA:** Nie iets nie, maar iemand!

**PREEKSKETS:**

Waarin is jou hoop geïnvesteer? Hoe mens optree in tye van nood, verklap nogal baie van die bron van jou hoop. Baie van ons mense se hoop is belê in "*ietse*". In geld, in drank, seks, dwelms ens. Die oomblik wanneer dit nie meer daar is nie, stort mense se lewens inmekaar. Daarteenoor sê ons Skrifgedeelte dat ons hoop nie in iets belê moet word nie, maar in Iemand. Jesus Christus. Hy wat 'n ewige waarborg is en wat niks of niemand ooit weer kan wegvat nie. Hy is die onbeweegbare, standvastige Rots!

**SING:**

1. Psalm 107:1
2. Psalm 99: 1 en 2
3. Lied 292: 1 en 2
4. SB 13-3

**Kollekte:**
**Tydens erediens:** Diakonale kas.
**By die deure:** Kerklike tydskrif.
**Volgende Sondag**: Emeritaatsfonds.

**Diensbeurte:**
Die kerkraadslede van Wyk F4 is vandag aan diens. Hulle is ouderling Henk Hefer en diaken Vakant.
**Katkisasietoesig:** Vind by die Graad 5 plaas.

# Gemeentesake:

## Lief en Leed:

Sr. Liz Shaw ontvang behandeling vir haar rug.

## Uit die kerkraad:

Die volgende broer is verkies tot die amp van Ouderling:

Frans du Preez

## Diakonale Werkswinkel:

Die SDDS reël 'n werkswinkel wat by die Gereformeerde Kerk Annlin, gehou gaan word. Dit vind plaas op Saterdag, 7 Mei 2016 en dit begin 9:00. Onderwerpe: Aflegging en Trauma-bemoediging.

## Ons is op Facebook!

Ons het vir jonk, oud, broers, susters en besoekers 'n platform geskep waar ons sosiaal kan verkeer, foto's deel, nuus uitruil en nuwe vriende kan maak. Almal welkom, kom praat lekker saam op ons *facebook* blad! Ons het al meer as 87 "likes".

## Beurtkrag:

U word vriendelik gevra om rustig te wees as daar 'n kragonderbreking tydens die erediens sou plaasvind. Ons het 'n kort tydjie nodig vir die orrelis om haar plek voor die klavier in te neem.

# Gemeentelike aktiwiteite

## Sustersake

*Skinkbeurte*:

Vandag ***17/04:*** Is dit die susters van Wyke D1, D3, F4, G5 en H4 om te help by die teeskinkbeurt.

Volgende Sondag: ***24/04:*** Skinkbeurt sal dan vir die susters van Wykke B1, B2, B3, C3, F2 en H2

Susters word vriendelik versoek om maar 'n ogie op die teeskinkbeurtlys in die ingangsportaal te hou en seker te maak wanneer hulle handjie moet bysit.

*Liefdadigheid:*

Daar word dringend gevra vir enige oorskiet wol (of natuurlik ook SKENKINGS om wol te koop). Die wol word gebruik om truie te brei vir die kinderhuis op Reddersburg. Baie dankie aan die gemeentelede wat in die verlede reeds wol geskenk het. Kom kyk gerus in die portaal na 'n klompie truie wat reeds gebrei is.

Kontak asb vir *Sylvia Greyling* by *082 789 7717* vir verdere besonderhede.

## Katkisasie

Vind plaas na afloop van die eerste erediens.

## Bybelstudie

Die aandbybelstudie vind hierdie week (Woensdagaand **20/*04***) om 18:00 plaas. Ons behandel Romeine 2: 12-29.

## Potjiekos kompetisie:

Ons hou Potjiekos kompetisie, Woensdag die 27e April (Vryheidsdag). As jy mans genoeg is om die dominee aan te vat, kom skryf jou pot in.

**INSKRYWINGS:** Op die feeskommissie se kennisgewing bord kan jou naam opgegee word.

**KOSTES:** R150 per inskrywing. Dit sluit 'n sakkie hout in. Bykosse word ook voorsien.

As jy nie kan pot maak nie, kom geniet dan net 'n ontspanne atmosfeer saam met geloofsvriende. Etes kan gekoop word teen R50 'n bord vir die volwassenes en R25 vir die kinders.

## Koffiekroeg

Alle Hoërskool kinders word hartlik uitgenooi na die koffiekroeg-byeenkomste

Sondae aande (behalwe vakansies en langnaweke)

**Tyd:** 17:30

**Plek:** Konsistorie

**Tema:** Waarom kry ek nie altyd dit waarvoor ek bid nie?

## Droogte-hulp

Die Diakonie het besluit om aan ander Diakonieë in gebiede wat tans onder die droogte gebuk gaan, hulp te verleen. As u wil deel wees van hierdie projek, is u welkom om 'n geldelike bydrae te maak. Plaas asseblief u bydrae in 'n koevert gemerk 'Droogte hulp' in die kollekte-sakkie.

## Jeugaksie

Ons herinner u graag weer aan vandag se vet pret met kerse na die tweede erediens vir die kinders en ouers.

Ons kom vanaf 11h30 bymekaar by die konsistorie waar die kinders dan begin kerse maak, en die ouers kan begin met die bring-en-braai. Onthou eie vleis, drinkgoed en eetgerei. Bykosse word voorsien.

## Fondsinsameling: Hout en vleis

Sekelbos-braaihout beskikbaar teen R20 per sakkie. Smaaklike wildswors en maalvleis teen R65 p/kg. Daar is ook wildspasteie, droëwors en biltong te koop. U kan ná die erediens agter die konsistorie (by die motorhuis) vir Nico of Marius kry wat u sal help.

## Verjaarsdae

Hartlik geluk aan almal wat hierdie week verjaar. Ons bid julle 'n mooi, geseënde en voorspoedige lewensjaar toe**.**

***Sondag: 17 April***

Bokkie van Dyk (079 519 3236) en Chene Kuhn ( 012 809 2354)

***Maandag: 18 April***

Annette Luitingh (012 807 5952).

***Dinsdag: 19 April***

Marie Ligthelm (082 332 8217).

***Woensdag: 20 April***

Lienza Reynolds (083 306 9346) en Manie Uys (083 305 6224).

***Donderdag: 21 April***

Johan Ehlers (082 774 1834).

***Vrydag: 22 April***

Danie Joubert (084 255 5437).

## Nuwe Intrekkers

Ons verwelkom hartlik alle nuwe intrekkers. Ons wil graag kennis maak! Ontmoet asseblief na afloop van die diens vir Hennie Klopper (Skriba) by die Konsistorie aan die agterkant van die kerk sodat ons u besonderhede kan kry

## Gedagte vir die week:

"'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop."

**- Spreuke 16:9 -**

## Dagboek

**Hierdie week**: *Vandag **17/04:*** Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste en om 11:30 die jeugaksie met 'n bring en braai. 17:30 Koffiekroeg. ***20/04:*** Aandbybel-studie vind plaas om 18:00.

**Week 2:** *Sondag **24/04:*** Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***27/04:*** Vryheidsdag EN POTJIEKOSKOMPETIESIE. ***29/04:*** 12:00 Klub 50.

**Week 3:** *Sondag **1/05:** Een e*rediens om 09:00. Geen kategse agv. langnaweek. Ds Dirk lei die diens. ***2/05:*** Werkersdag. ***4/05:*** Oggendbybel-studie vind plaas om 09:30. ***7/05:*** Diakonale Werkswinkel

**Week 4:** *Sondag **8/05:*** Erediens om 09:00. Kategse direk na die eerste erediens. Tweede erediens om 10:30 Ds Dirk lei albei die dienste. 17:30 Koffiekroeg. ***10/05:*** Diakonie vergadering om 19:00. ***11/05:*** Ouderling vergadering om 19:00.

## Advertensies

Indien daar plek in die gemeentebrief is, plaas ons gratis advertensies. Advertensies sal vir die duur van vier weke geplaas word, of u reël met die redaksie vir volgehoue plasing. Advertensies en berigte moet ons voor 11:00 op die Donderdag voor voorgestelde plasing bereik.

**Vakansieverblyf: Natalse Suidkus**

SanLameer-eenheid te huur. 3 slaapkamers (slaap 6), 2 badkamers, blouvlagstrand, veilige omgewing, ten volle toegerus. Skakel vir *Marie-Louise Els* by 082 341 0855 of e-pos haar by: *marielouiseels@gmail.com*.

**Susan Swanepoel Musiekskool**

Onderrig in klavier, teorie, harmonie en afrigting in sang. Alle grade. Begeleiding van alle instru-mente en sang. Kontak *Susan* by 083 252 0983 of (012) 993 1074.

**Vakansieverblyf: Wes-Kaap**

Vakansiehuis te huur in Kleinmond. Slaap 6. Ten volle toegerus. Loopafstand na strand. Geen troeteldiere. Beskikbaar teen R600 per dag, minimum 10 dae. Kontak *Nols of Bettie Swanepoel* by 082 553 8960.

**Loodgieterswerk**

Frieswyk Loodgieters vir enige loodgieterswerk. Kontak *Gerrit van Wyk de Vries* by 083 271 0892.

**Boomsloping en snoeiwerk**

Jac Marais ('n lidmaat van die GK Kameeldrift) doen sloping en snoei van bome en struike in tuine. Skakel (012) 819 1316 of 082 412 7137.

**Die Waslyn**

Ons kom haal GORDYNE af en was, droog en stryk dit. Skakel: 078 296 4593.

**Afloswerk gesoek:**

Vir enige aflos admin werk op 'n daaglikse basis of net 'n ekstra hand vir 'n paar dae benodig. Skakel my gerus Rina de Villiers by 081 599 2321 of 012 731 1032 of e-pos pikkie.rina18@gmail.com

**AROS**

Die Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies (AROS) bied onderwys-opleiding aan. Jy kan deeltyds jou BEd in Grondslagfase of Diploma in graad R onderwys by hulle verwerf. Net een kontaksessie per week op Saterdae in Pretoria. Aansoeke vir 2017 sluit 31 Oktober 2016. Inligtingsessie by AROS op 14 Mei 2016 om 09:00. Vir meer besonderhede besoek *http://www.aros.ac.za/index.php/oorsig*.